Tema: Het jy die Here lief?

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 334: 1, 2, 3, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 163: 1
Votum
Seën
Lofsang Ps. 33-1: 1, 2, 11
Geloofsbelydenis: 12 Artikels - almal hardop saam

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Matteus 22: 34 - 40
Sing Sb 9-3: 1
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Johannes 21: 1 - 19
Teks: 15 - 19
Woordverkondiging

Sakramentbediening
Nagmaalsformulier van Calvyn
Sing Sb 17-3: 1, 2
Bediening van die Sakrament
Sing aan tafel Ps. 116-1: 1, 10
Gebed

Antwoorddiens
Liefdegawes
Sing Ps. 18-2: 1, 8
Seën
Amenlied Sb 13-3.

Geliefde br. en sr en liewe kind

Het jy die Here lief? Dit is ŉ vraag wat jou in jou spore stuit. Dit laat geen ruimte vir wegkyk, wegkruip, ontkenning, blaamverskuiwing of stilbly nie. Jy moet antwoord! Veral as die Here jou baie persoonlik ontmoet soos toe Hy in ons Skrifgedeelte saam met sy dissipels op die strand gesit en eet en vir hulle vis en brood aangee het om te eet. Hy kyk jou in die oë en jy weet…..ek moet antwoord! So ontmoet ons die Here ook vanmore op ŉ baie intieme en persoonlike wyse in die Nagmaal wanneer Hy aan ons die brood en wyn uitdeel en sy vraag aan jou is: Het jy my lief?

“Het jy die Here lief “ is ŉ vraag wat jou effe onkant vang en jou so ietwat blootgestel laat voel. Jy eerste reaksie is dalk om jou amper so bietjie te vererg, want dit is darem ŉ baie persoonlike vraag. ” Wat het dit nou met ander mense te doen, hoe lief ek die Here het?” kan iemand dalk in reaksie hierop vra.

Maar, geliefdes, dit is die vraag wat die Here Jesus vanmore met Nagmaal vir ons vra en ek en jy moet hierop antwoord. Want met hierdie vraag dring die Here deur tot die kern van ons verhouding met Hom. Ons verhouding met die Here berus nie in die eerste plek op allerhande uiterlike geloofshandelinge nie, maar begin en eindig by ons liefde vir God. So sal niks van ons Vlamvatprojek tot iets kom as ons nie elkeen vanmore hierdie vraag antwoord nie dis liefde wat jou geloofsvlam hoog laat brand.

Dit het ons netnou uit die samevatting van die Wet gehoor: Dat ek die Here my God moet liefhê met my hele hart, met my hele siel met my hele verstand en met al my kragte en dat ek my naaste moet liefhê soos ek myself liefhet. Alles staan of val met my liefde vir God en my naaste.

En nou kom vra die Here Jesus bloot: Is dit waar van jou? Het jy die Here jou God lief met jou hele siel, hart, verstand en met al jou kragte? Kan ŉ mens uit jou woorde en jou optrede, jou toewyding en jou dienswerk aan die Here sien dat jy Hom liefhet? Toon jou lewe iets van die passie wat jy vir die Here het? Of anders gevra: sê die afwesigheid van toewyding aan die Here dalk iets van jou liefde vir Hom?

Geliefde gemeente, in antwoord op die vraag van die Here kom die Heilige Gees vanmore om vir ons te sê: openbaar jou liefde vir die Here met jou opregte berou, met ŉ nederige geloofsbelydenis, met toegewyde diens en met volharding. Hierdie teks fokus ons antwoord op ons liefde vir die Here met hierdie 4 elemente: berou, geloofsbelydenis, diens en volharding.

Die eerste antwoord op die Here Jesus se vraag: Het jy my lief? is opregte berou.

Brs en srs, die agtergrond van hierdie gesprek met die dissipels daar op die strand van die meer van Tiberias is natuurlik die tragiese gebeure daardie nag toe Jesus gevange geneem is in Getsemané. Vroeër daar dieselfde aand, net na die instelling van die nagmaal, waarsku die Here Jesus vir Petrus dat hy daardie nag, voordat die haan die tweede kraai, Jesus drie keer sal verloën het. - Kinders – “verloën” beteken: dat Petrus 3 keer gejok het en gesê het dat hy Jesus nie ken nie en dat hy nie een van Jesus se volgelinge is nie. Hy het dus eintlik gesê: ek het Jesus nie lief nie! Ek ken hom nie!

In reaksie op hierdie waarskuwing van Jesus het Petrus toe - baie voortvarend en selfversekerd - verklaar dat al sal al die ander dissipels die Here Jesus verloën, Hy sal dit

nooit doen nie. Meer nog – hy het gesê hy is bereid om saam met Jesus te sterwe. Hy het dus eintlik gesê: ek is liewer vir Jesus as al die ander dissipels

En nou weet ons wat gebeur het. Petrus het inderdaad daardie aand 3 keer ontken dat hy die Here Jesus ken en dat hy ʼn volgeling van Jesus is, uit vrees vir wat dalk met hom kon gebeur. Ons weet dat toe dit die derde keer gebeur die Here Jesus omgedraai het en vir Petrus gekyk het – ʼn kyk wat Petrus huilend van berou die nag laat invlug het.

Ons weet ook dat die Here Jesus na sy opstanding aan Petrus alleen verskyn het en dat hulle die saak tussen hulle twee reggestel het. Maar, brs en srs, ons moet onthou dat Petrus ʼn leier in die dissipelkring was en dat sy verloëning sy posisie ernstig onder verdenking geplaas het. Maar ons moet ook onthou: ons lees in Matteus 26: 35 dat al die ander dissipels ook verklaar het dat hulle bereid was om saam met Jesus te sterf en ook hulle het gevlug en nie by Hom gestaan nie. Hulle was ook saam met Petrus skuldig.

En nou kom die Here om die saak in die midde van die hele groep reg te stel. Dit is opvallend dat die Here nie vir Petrus vra: “Petrus, sal jy my weer verloën nie” of “Petrus, sal jy van nou af aan my getrou bly nie?” Die Here Jesus verwyt nie met woorde soos: “Petrus hoe kon jy dit doen nie? Ek het jou immers gewaarsku, jy het geweet!. Hoe kon jy?”

Nee, die Here Jesus dring deur na die kern van ons verhouding met Hom – Hy vra na ons liefde vir Hom. “Petrus, het jy my baie lief, meer as hulle hier?” Drie keer vra die Here dit. Drie keer het Petrus ontken dat Hy die Here liefhet, drie keer word hy gebring tot berou. Na drie keer kan Petrus maar net antwoord: “Here, u weet alles, u weet dat ek u liefhet”. Nie “u weet dat ek u baie liefhet nie” . Nou antwoord Petrus nie selfversekerd dat hy die Here meer liefhet as al die ander nie, nee, net maar dat hy die Here liefhet.

Lief het met ʼn gebroke liefde want Petrus besef sy sonde en sy gebrokenheid. Hy gryp maar alleen vas aan die genade van die Here Jesus: Here, u weet alles!. Daar is niks wat ek vir God kan wegsteek nie, Hy ken die diepste plekke van my siel, my hart, my verstand en my kragte! Hy weet wat daar is en wat daar nie is nie! En daarom bely Petrus; Ag, Here, U weet....

Brs en srs, my liefde vir die Here bepaal die opregtheid van my berou. As ek die Here maar so op ʼn afstand liefhet, as my liefde maar lou of koud is, dan sal ek ook nie veel omgee nie dat ek Hom verloën en teen Hom sondig nie. Dan sal ek nie besef hoe seer maak ek die Here met my sonde en my koue liefde nie! Dan sal ek ook nie erns maak met my sondebelydenis en berou nie. Hoe liewer ek die Here het, hoe opregter sal my berou wees.

Brs en srs, ek sal nie die kyk van die Here kan deurstaan as Hy nou na my moes kyk – soos hy daardie nag na Petrus gekyk het nie! Kom ons openbaar dan ons liefde vir die Here met opregte berou oor ons sonde en gebrokenheid. Kom ons gryp maar vas aan die Here se genade met: Ag, Here, u weet alles...”

Die tweede antwoord op die Here se vraag: Het jy my lief, lê in ʼn nederige geloofsbelydenis.

Petrus kan tog verklaar, hoe gebrekkig en gebroke ook al: “Ja, Here, ek het U lief! Ja, selfs drie keer kon hy dit vir Jesus sê! Hoe kon hy dit doen? Hoe kon hy dit doen na die

verskriklikheid van sy verraad? Omdat daar tussen daardie nag van verloëning en hierdie gesprek van herstel ŉ kruis staan. Tussen sonde en herstel staan die kruis van Christus! Die Here Jesus het ook vir Petrus, al die dissipels en ook vir ons verloëning, ons sonde en ons gebrokenheid aan die kruis gesterf. Daar het Hy ons met God versoen! Daar het Hy sy liefde vir ons uitgestort deur sy lewe vir ons af te lê. En dit is wat ons ook vanmore in die tekens van brood en wyn weer met opregte dankbaarheid gaan vier! Ek en jy mag verseker weet: ook vir my het Jesus gesterf – vir my is daar liefde en genade!

Deur die kruis vul God ons lewe met sy liefde. Op grond van Christus se versoening stort die Heilige Gees nou ook ons lewe God se liefde uit en daarom kon Petrus dit ook nederig bely. Hy verklaar dit op grond van die grootste en belangrikste gawe wat die Gees ons gee: naamlik liefde! Daarom kon Petrus, nou nederig, sonder enige sweem van eie waan, eie selfversekerdheid, eie krag of wat ook al, verklaar: "Here ek het U lief."

Geliefde, brs en srs, die Here se vraag: Het jy my lief? gee ons ŉ geleentheid om op grond van sy genade ons liefde vir Hom te verklaar! Dat ons dit ook vanmore vir Hom kan sê. Al weet ons dit is gebroke, al weet ons dit is nog baie keer lou en dalk selfs koud, maar op grond van sy genade mag ons ook vanmore verklaar: "Here, ek is lief vir U." Sy vraag gee geleentheid tot geloofsbelydenis! Dit gee geleentheid om vas te gryp aan die kruis en om die Gees te vra om jou opnuut weer te vul met die liefde van God – sodat jy die Here jou God werklike kan liefhê met jou HELE hart, met jou HELE siel, met jou HELE verstand en met AL jou kragte!

Want liefde is die kern van jou verhouding met God – sonder liefde – is jy en al jou geloofswerke niks!

Die derde antwoord op Jesus vraag: Het jy my lief? hou verband met ons dienswerk aan Hom. Na elke vraag en antwoord van Petrus kry hy ŉ opdrag! Laat my lammers wei. Pas my skape op. Laat my skape wei! ŉ Opdrag om dan nou op grond van jou liefde vir die Here ook diensbaar te wees. Want liefde moet gesien kan word! Dit word gesien in my dienswerk vir God en vir my naaste!

Die vlak van my liefde bepaal ook die vlak van my dienswerk vir Hom. Onthou jy nog die Here Jesus se brief aan die gemeente van Efese in Open 2. Daar skryf Hy oor hulle geloofswerke en dan sê Hy: julle het my nie meer so lief soos aan die begin nie – daarom is julle werke ook nie meer goed nie.

Liefde vir Here, brs en srs, neem alle verskonings weg waarom ek Hom nie kan dien nie. Die vraag na my liefde vir God stel my bloot want dan word enige verskoning wat ek kan aanbied irrelevant. Dan is dit irrelevant of ons praat van die bywoning van een of twee eredienste op ŉ Sondag – my liefde vir die Here – bepaal hoe ek Hom dien op ŉ Sondag.
Liefde vir die Here – maak verskonings soos "te min tyd" irrelevant – want my passie vir die Here maak dat ek my prioriteite regkry sodat ek tyd maak vir die Here. As ek lief is vir iemand maak ek tyd!

Passievolle liefde vir die Here is ŉ onkeerbare krag in die lewe van ŉ gelowige. Gaan lees maar in die Bybel die verdere lewe van Petrus na hierdie gesprek van die Here met hom. Hy het sy opdrag met passie, toewyding en oorgawe uitgevoer – sonder enige verskonings.

Br en sr, kom ek en jy kyk ook na ons dienswerk vir die Here, kom ons meet ons toewyding en ons oorgawe en kyk wat openbaar dit van ons liefde vir die Here?

Die vierde en laaste antwoord op die vraag van die Here Het jy my lief? lê in volharding op hierdie pad van geloof en toewyding.

In verse 17 – 19 sê die Here vir Petrus: Jou liefde vir my sal noodwendig ook vir jou lyding en beproewing meebring! Dit sal jou bring op plekke en gebeure waar jy nie wou wees nie.

Geliefde gemeente, my liefde vir die Here bepaal ook of ek volhard in my verhouding met Hom. Of ek ook in dae van teëspoed, van vermoeienis, van siekte, van slegte nuus, van swaarkry en ly, steeds lief bly vir die Here! ’n Mens is slegs bereid om baie dinge op te offer, selfs jou lewe vir hulle vir jy lief is! Is dit ook waar van ons en ons liefde vir die Here – dat ons volhard selfs al moet ons ly?

Mag die Heilige Gees ons in antwoord op ons Here se vraag ons opnuut vervul met die liefde van God – sodat ons getrou sal bly tot Hy weer kom.

Geliefde gemeente, ons gaan nou saam met die Here eet soos sy dissipels daardie oggend op die strand en soos die Here aan jou die brood en wyn uitdeel kom sy vraag terwyl Hy jou in die oë kyk: Het jy my lief? Wat gaan ek en jy Hom antwoord?

Amen